# 24 Maart - EINDE

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 5:20-26**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 5:24**

In u Bybel sal u dikwels op die woord "einde" afkom. Soos met die meeste woorde, het dit ook baie betekenisse. Ons noem enkele voorbeelde:

- Klaagliedere 3:22: "... daar is geen einde aan sy ontferming nie." Hier beteken dit "vir altyd" – die Here se ontferming is vir altyd.
- In Spreuke 14:12 kan einde vervang word met "die gevolg". Die slot van dié versie lees: "... maar die einde (die gevolg) daarvan is die dood."
- In Jeremia 48:35 lees ons dat die Here die volk van Moab tot 'n einde sal bring. Daarmee verstaan ons dat die Here Moab gaan uitdelg, gaan laat verdwyn. Hier beteken einde dus "uitdelg".

Daar is egter tekste waarin die woordjie "einde" nie met 'n ander woord vervang kan word nie, omdat dit in hierdie tekste tot sy volle betekenis kom. Meer spesifiek: wanneer dit met 'n bepaalde lidwoord uitgedruk word, wanneer die Bybel praat oor *dié* einde. Die groot einde waarvan ons in 1 Korintiërs 15:24 lees: "Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het." Dit is die finale, die laaste, die afsluiting van die aardse bedeling en geskiedenis.

Alle mense is op weg na híérdie einde. Ons moet egter nie dink aan die oordeelsdag as iets in die verre toekoms nie. In die Bybel val die dimensie van tyd weg. Daarom is ons einde op aarde, ons sterfdag, vir ons in wese die groot einde.

Wie tot die einde toe volhard, sal gered word, lees ons in Matteus 10:22. En wie gered is, sal die oordeelsdag – die groot einde – deur God se genade oorleef. In Hebreërs 3:14-15 staan daar: "Ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou ... Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie ..." Dan alleen sal jy God se rus of dié einde ingaan.

*Sing: Skrifberyming 18-6:3, 4* *Ds AS Heystek (Emeritus)*